

Saterdag 23 Februarie

Skrifgedeelte: Numeri 25:10-18

**Fokusgedeelte: Numeri 25:11
(1953-vertaling)**

God se ywer wek yweraars in sy koninkryk

Met ywer, oftewel vurige liefde, het God sy volk uit Egipteland gelei. By die berg Sinai het God se ywer in vurige toorn ontbrand toe die Israeliete God onteer het met die maak van die goue kalf. Hulle is ook gewaarsku teen enige verdrag met die nasies van Kanaän of 'n ondertrouery weens die gevaar van afgodery en onsedelikheid (Eks. 34:15-16).

Wie egter God onteer en sy verbond minag, sal God se ywer ontdek in sy vurige toorn (Deut. 29:20). Israel het dit duidelik ervaar in die plaag wat God oor hulle gebring het nadat hulle met Moabitiese vroue ontug gepleeg het en aan afgodediens meegedoen het. Pinehas kan nie net verootmoedigend by die tempel huil terwyl Simri opsetlik God se eer verder vertrap nie. Hy deurboor Simri en sy mede-oortreder op heterdaad.

Uit wat die Here sê, kan 'n mens die motief vir Pinehas se optrede aflei. "Pinehas ... het my ywer onder die kinders van Israel geywer." Iets van die heilige vuur wat in die Here se eie hart was, het ook in Pinehas se binneste gebrand en hy gaan doen toe wat die Here in daardie situasie gedoen wou hê. Gedryf deur God se ywer, word Pinehas 'n yweraar vir God se eer. Sodoende het Pinehas die toorn van God oor Israel afgewend.

Omdat Pinehas se daad nog onvolkome was, moes dit vooruitwys na die beloofde Messias, Jesus Christus, deur wie se ywer God se toorn volkome afgewend word van elke sondaar wat in Hom glo. In die gekruisigde Christus het God se vurige liefde en sy vurige toorn saamgetrek, sodat elke gelowige van God se vurige toorn verlos is en, gedryf deur God se vurige liefde, 'n yweraar kan word vir sy eer (Tit. 2:14).

Is jy 'n yweraar in God se koninkryk?

Sing: Psalm 119-1:50

Ds. SA Cilliers (Sarel) (Emeritus)